# 20 Februarie 2024 - Lesing 242 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die genade van die aangesprokte woorde deur God – 25/11/61

**NO: 8048** Ek kan julle mense wel My Woord laat toekom, maar Ek kan julle nie dwing om dit aan te neem nie, want julle wil is vry.

Maar dink daaraan dat ook My teenstander julle nie kan dwing om julle afkerig teen My en My Woord op te stel nie. Julle besluit self daarom sal julle ook eens daarvoor verantwoordiging moet doen **as julle geen ag slaan op My gawes van genade nie,** wanneer julle onaangeraak daarby verbygaan en julle aardse lewe onbenut is, wat aan julle siele nie die minste resultaat gelewer het nie. **Dit is die groot genade wat julle in die eindtyd nog geskenk word**, dat julle My Self sal kan hoor, **dat julle direk van My krag sal kan ontvang, wat in die vorm van My Woord na julle kom**.

En julle moet hierdie genade benut. Julle moet na My luister en dan julle harte laat spreek. En julle sal jul ook waarlik van die krag bewus word, wat na julle sal toestroom vanuit My Liefde.

Juis julle mense wat nog geen verbinding met My het nie, moet julle nie afsluit vir My aanspreking nie. Julle moet sonder vooroordeel My Woord in julle oordink. En julle sal jul aangespreek voel soos deur 'n goeie Vriend. **Julle sal weldadig geraak wees**, wanneer julle nie openlike weerstand bied teen My Woord nie.

En Ek wil ook tot julle spreek soos 'n goeie Vriend, soos 'n Vader, wat altyd maar net die beste wil en Sy kinders graag gelukkig wil maak. Ek wil net dat julle jul innerlike weerstand teen My opgee. Dan sal ook elkeen van My Woorde julle raak soos 'n liefdevolle aanspreking, wat julle in julle harte sal oordink en waarteen julle nie in verset sal kan kom nie.

**Hoor My nou gewillig aan** en julle sal dit waarlik nie berou nie. Want My aanspreking bring krag en lig vir julle en julle siel sal goed voel as aan haar krag en lig besorg word. Daarom sal Ek steeds weer probeer om julle mense met My Woord vertroud te maak, omdat slegs My aanspreking nog in staat is om julle te verander, indien julle nog nie die weg na My ingeslaan het nie.

My Woord kan vir julle die lokroep van die goeie Herder wees wat Sy skape agterna gaan wat versprei en verdwaal het. My lokroep kan hulle nog bereik, ook as hulle ver van hul Herder verwyder is. **En hulle kan dit hoor en in vrye wil terugkeer.**

Want Ek moet hulle vrye wil ag en mag nie dwingend op hulle inwerk nie. Ek kan julle egter te alle tye aanspreek, want julle bepaal self of My aanspreking tot in julle harte kan deurdring. Julle bepaal self of julle die lokroep van julle Vader daarin verneem en julle julleself na Hom wend, omdat julle Sy Liefde gewaarword in elke Woord wat tot julle kom.

En wanneer julle deur My Liefdestraal getref word, **sluit dan nie julle harte nie**. Open haar en laat die lig julle binnestraal en waarlik, julle sal My ewig dankbaar wees dat My Liefde julle gevolg het, ook toe julle julleself nog van My afgewend het.

Want julle sal nou tot lewe kom. My Liefdeskrag sal julle uit die dood tot lewe wek en hierdie lewe sal julle nie meer verloor nie. Want My Woord sal nou altyd en ewig vir julle klink.

**En altyd en ewig sal julle daarna verlang om deur My aangespreek te word** en altyd en ewig sal Ek hierdie verlange vervul. Amein.

***Johannes 16:13*** *Maar wanneer Sy gekom het, die Gees van die Waarheid, sal Sy julle in die hele Waarheid lei; want Sy sal nie uit Haarself spreek nie,* ***maar alles wat Sy hoor, sal Sy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig****.*